

Beplan vir 'n lang lewe, 3 tjoklitkoeke in laaste dae

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ek kyk vandag na twee vrae wat 'n vriend nou die aand oor aftrede gevra het.

By aftrede, neem jy jou volle een derde in kontant uit jou pensioenfonds? Die rede ten gunste hiervan sou wees dat dit teen 'n laer koers belas word as die inkomste wat jy kry uit die

lewende annuïteit, of pensioen, wat jy koop.

Die tweede is bietjie meer van 'n kopkrapper: Hoe kom jy klaar met jou aftreegeld sodat jy nie leef net om kinders ryk te maak nie, maar ook om nie self later tekort te skiet nie?

Wat betref die eerste vraag, ek meen in die meeste gevalle, nee.

Die R500 000 wat teen 'n nul-koers belas word, móét jy neem as jy slim is. Beter waarde as belastingvrye geld kry jy nie. Op die volgende R200 000 word jy belas teen 18%, so dit kan ook sin hê, want baie min mense betaal minder inkomstebelasting as 18%, selfs ná aftrede.

Maar op die volgende R350 000 betaal jy 27%, en nou begin dit al dinkwerk en somme maak kos. Op die res, alles bo R1 050 000, betaal jy 36%, en nou begin dit al hoe minder sin maak, al is jou marginale belastingkoers hier by die 40%. En hier is my redes:

In die eerste plek gaan jy die geld weer moet belê, anders gaan jy dit net mors. En beleggingsgroei trek belasting. So, jy betaal nie net die 36% nou nie, jy betaal ook belasting op die groei op daardie geld (dit wat oor is ná die 36%) teen normale inkomstebelastingkoerse.

Ná aftrede val jy heel waarskynlik in 'n laer inkomstebelastingkategorie as

toe jy nog gewerk het, dalk selfs minder as 36%. En boonop kan jy jou inkomste uit 'n lewende annuïteit self reguleer om binne 'n bepaalde belastingkategorie te bly. En jou korting ná 65 is groter.

Loop dus maar lig vir dié een.

Die tweede vraag laat my dink aan die gemors met die Kaap se water. Hulle kon al lank gelede die krane begin toedraai het om water te spaar, maar nee, hulle wag totdat dit byna op is en nou wil almal in paniek verval. Dieselfde geld jou aftreegeld. Jy wil nie jou geld oorleef nie.

Ek sou sê kyk na jou lewensverwagting en jou inkomstehoeftes oor tyd,

aangepas vir inflasie. Bou so 'n bietjie vet in (elke mens s'n sal verskil afhangend van die beskikbare kapitaal) en sorg dat jy dit reg belê met inagneming van risiko, nie "groot opbrengste" nie, vir 'n inkomste.

As jy van die gelukkiges is wat dan nog geld oor het, kan jy planne maak vir oorsese reise of wat ook al jou verbeelding aangryp. My vriend, oom Jan Venter, sê as hy weet hy gaan môre dood, dan bak hy vandag vir hom drie tjoklitkoeke en eet alles self. Ek wil byvoeg, met my laaste geld, want ek het die lewe geniet.

As jy hierdie planne maak, moenie vergeet van siekerisiko nie. Maak seker

jy het genoeg gevreesdesiekte dekking, sodat as jy byvoorbeeld Alzheimer se siekte kry, jy nie jou aftreegeld - wat dan al minder is, veral as jy die "lekker-laaste-dae-program" wil volg - nodig gaan hê vir versorging nie.

'n Goeie finansiële beplanner - een wat meer in jou as mens belang stel as in die kommissie wat hy uit jou kan verdien - sal jou hierin kan lei.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**